



Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging
(SASV)


Bulletin 7A

2015/1

Homers


Die Homer groep bestaan uit 'n verskeidenheid rasse wat goed verteenwoordig is deur Suid Afrika. Oor die algemeen teel die rasse van hierdie groep redelik maklik en almal kan hulle eie kuikens grootmaak. Sommige rasse is baie gewild onder telers en daarom word daar heelwat van die duiwe op die skoue vertoon.

German Beauty Homer




Die German Beauty Homer is kompak en kragtig, met 'n wigvormige lyf wat amper horisontaal staan. Die kop is breed bokant die oog, maar vernou geleidelik in 'n wigvorm na die voorkop. Die bek en die voorkop vorm 'n boog met die hoogste punt bokant die oog. Die bek is van medium lengte en eindig stomp. Die verlengde beklyn loop deur die middel van die oog. Die nek is medium lengte en spits na die kop. Die keel is vry van 'n keelvel. Die bene is medium lengte.

American Showracer



Die wigvormige lyf moet sterk en stewig wees en die duif moet regop vertoon. In 'n regop posisie, moet die lyn wat deur die oog tot by die punt van die stert is, 'n hoek van 45° vorm. Die medium grootte duif weeg 482-624gram en staan 225mm hoog. Die kop styg geleidelik in 'n ononderbroke kurwe vanaf 'n sterk bek tot waar dit geleidelik in die nek vloei. Die hoogste punt van die kop is bokant die oog. Die denkbeeldige beklyn loop deur die middelpunt van die oog. Die oogkleur is helder tot donker rooi, of kastaiing.

American Giant Homer



Die lyf is kort, diep, sterk en wigvormig. Die rug is plat en die lyn met die stert moet 12° onder die horisontale lyn gedra word. Die bors is 125-150mm breed dwars oor die vlerkknoppe. Die kop profiel styg glad en gelykmatig vanaf die bo-bek bo oor die oog tot in die nek. Die bek is medium lengte, stewig en reguit. Die nek is sterk en middelmatig lank. Die duif is 250mm hoog, 238-262mm lank en die bors is 125-150mm breed. 'n Duif in goeie skoukondisie moet nagenoeg 850gram weeg.

Engelse Skou Homer




Die kop van die duif is sy belangrikste eienskap. Die kop vorm 'n ononderbroke kurwe van die punt van die bek tot waar dit aan die nek kom. Die afstand van die punt van die bek tot by die middelpunt van die oog is 45mm. Die bek is kort en stewig en dit moet die arendsneus voorkoms van die duif afrond. Die oog is pêrelkleurig, helder en lewendig. Die lyf is kort en sterk, met breë skouers en die duif weeg ongeveer 840gram. Die nek is kort, maar breed by die skouers.

Antwerp




Die Antwerp is kort en kragtig en skep die indruk van bonkigheid. Die bors is breed, die bouvorm is groot en swaar, V-vormig vanaf die stert bekyk en breed oor die skouers. Die kop is die mees uitstaande kenmerk van die duif. Dit moet groot en swaar wees met die hoogste punt reg bo die oog. Die kop is netjies en egalig afgerond, met byna dik, vol ronde wange. Die bek is besonder sterk en kragtig, met 'n middelmatige lengte neusvat wat V-vormig is. Die oog is rooi.


Kopvorms van die verskillende Homers




American Giant Homer




Engelse Skou Homer



German Beauty Homer



American Showracer



Antwerp

www.safpa.za.org

SA Homer Klub

President: Raymond Hohls
083 3039865

Sekretaris: Attie van Aswegen
082 4118483
attievanaswegen@gmail.com

American Showracer Klub

President: Raymond Hohls
083 3039865

Sekretaris: Matt Willemse
082 8073825
mattwillemse@haaswil.co.za